

# *Ons tyd op* MARION-EILAND

Die idee om die ongure weer op 'n afgeleë eiland vir langer as 'n jaar te trotseer terwyl jou geliefdes in die sonnige Suid-Afrika agterbly, sal die meeste mense koue voete laat kry, maar Stefan en Janine Schoombie wou dié ervaring nie misloop nie

Deur MELODIE VELDHUIZEN

**Het jy geweet daar is twee eilande in die subantarktiese Indiese Oseaan wat deel van Suid-Afrika vorm? Dit is Marion- en Prins Edward-eiland. Dit is bewaringsgebiede met meteorologiese en biologiese navorsingstasies. Die weer is nou nie wat 'n mens vakansieweer sal noem nie – dit reën gemiddeld 320 dae per jaar en het 'n baie koue en winderige klimaat.**

Stefan Schoombie was nog 'n nagraadse student in die mariene- en dierkundige biologiese veld toe hy 'n werksgeleentheid vanaf April 2013 tot Mei 2014 op Marion-eiland kry. "Dit het vir my waardevolle werkservaring gebied. Ek het ook data vir my MSc-projek ingesamel."

Hy was skaars terug in Suid-Afrika, toe meld die volgende geleentheid homself aan. Hierdie keer wou Stefan nie alleen gaan nie en hy en Janine, sy verloofde, het besluit om in Februarie 2015 te trou.

"Die belewenis op die eiland is iets wat 'n mens nie aan ander kan beskryf nie en dit is iets wat ek en Janine saam wou beleef."

Janine moes haar werk as ingenieur tydelik opsyskuif, maar vir haar was dit geensins 'n opoffering nie. "Ek het 'n BIng-graad in meganiese ingenieurswese en 'n MSc-graad in lugvaartingenieurswese. Aanvanklik was ek maar huiwerig, maar toe ons die besluit geneem het, het dinge mooi in plek geval. Ek was eintlik baie opgewonde om vir 'n rukkie iets anders as ingenieurswese te probeer."

Stefan en Janine was deel van die M72-span, bestaande uit 20 lede, verteenwoordigend van verskeie universiteite en organisasies, wat navorsing op die eiland doen.

Die program word deur die departement van omgewingsake bestuur. Hulle het die Percy FitzPatrick-instituut van Afrika-voëlkunde van die Universiteit van Kaapstad verteenwoordig. "Ek en Janine het met verskeie voëlspesies gewerk wat op die eiland broei, met die grootste fokus op die vier albatrosspesies. Dit is meestal langtermynnavorsing wat jaarliks voortgesit word."

Die span het ongeveer vyf weke lank opleiding by die departement van omgewingsake in Kaapstad ontvang, onder meer in brandbestryding, noodhulp en kookkuns.

Op 9 April 2015 het hulle saam met die ander 18 spanlede aan boord van die SA Agulhas II die vaart na Marion-eiland aangepak. Danksy die wind en 'n kalm see, het hulle reeds op 14 April aan wal gegaan (in slegte toestande kan die vaart tot sewe dae duur).

Janine beskryf die aankoms op die eiland as 'n warrelwindervaring.

"Ek kan nie onthou van enige ander keer in my lewe wat ek meer opgewonde, senuweeagtig, verheug en hartseer tegelyk was nie. Opgewonde oor die nuwe avontuur, senuweeagtig oor die nuwe werk, hartseer omdat ek vriende en familie moes agterlaat, en verheug omdat ek my nou op 'n afgeleë eiland in die subantarktiese gebied bevind het, omring deur allerhande soorte diere wat ek nog nooit vantevore gesien het nie."

Die basis, waar daar gewerk, geleef en ontspan word, is baie goed toegerus. Daar is moderne laboratoria, 'n gimnasium, sauna en jacuzzi, 'n kroeg, 'n spens, 'n goed toegeruste kombuis, waskamers en selfs 'n "hospitaal". Wat akkommodasie betref, het elke persoon sy/haar eie kamer, met gemeenskaplike badkamers in elke gang.

Vir die uitvoering van hul dagtaak moes hulle nogal fiks wees. "Ons het baie gestap.

**Foto** Verskaf

Daar is nie voertuie nie, so as jy iewers heen moet gaan, moet jy stap. Oor die algemeen moes ons uitgaan om neste van broeipare te besoek om vas te stel wie van die paar op die eier sit en of die kuiken nog leef. Dit klink vervelig of maklik, maar die weer, afstand en moeilike terrein, asook elke voëlspesie met hul unieke gedrag het daartoe bygedra dat die werk interessant gebly het."

Dit is daarom te verstane dat Stefan en Janine eenparig saamstem: "Omdat ons so baie op ons voete was, was ontspanning maar enige tyd wat ons nie op ons voete was nie. Die basis het 'n oulike braaiplek wat oor die see uitkyk. Verder het ons maar flieks gekyk, want op die eiland is daar nie standaard-TV-kanale nie. Andersins het ons kitaar gespeel, gelees en na foto's gekyk, of saam met die ander spanlede gekuier."

Selfs vir die heel dapperstes is die seewater te koud en swem word ook weens veiligheidsredes nie toegelaat nie.

Soos in enige ander werksomgewing is daar op die basis reëls waaraan die spanlede hulle moes onderwerp, maar by dié basis is daar bykomende reëls.

"Omdat Marion-eiland deel van 'n bewaarde gebied is, is daar verskriklik baie reëls om menslike invloed op die natuur so min as moontlik te hou, maar dit was gou deel van ons daaglikse roetine (lig by die basis word byvoorbeeld saans absoluut geminimaliseer om te voorkom dat voëls teen die basis vasvlieg)."

Nie een van die spanlede is van huishoudelike take kwytgeskeld nie. "Ons het weeklikse skoonmaakdae gehad waar elke spanlid 'n gedeelte kry om skoon te maak. Verder was elkeen vir sy eie wasgoed en skottelgoed verantwoordelik."

Hulle glimlag toe ek oor 'n voltydse kok op die eiland wonder. "Daar was 20 kokke. Elke spanlid was ongeveer een keer per maand verantwoordelik om vir die res van die span aandete te maak. Ons was self verantwoordelik vir ontbyt en middagete. 'n Kort kookkursus om basiese kosmaaktegnieke en resepte te leer, was deel van ons basiese opleiding."

Saterdagaande moes spanlede vir hulself sorg of saam in groepies kos maak. "Daar is groot vrieskaste (bekend as Tom, Dick en Harry) vir bevrore kos en kaste met nie-bederfbare kos, soos rys, meel, pasta

*Daar was nie veel wat 'n mens kon doen om dit makliker te maak nie, dit is maar die tyd wat die moeilikste is*

en pap, asook ingelegde groente, vrugte en vleis." Hulle het veral vars kos soos groente en vrugte gemis.

'n Groep van 20 mense met uiteenlopende persoonlikhede wat 13 maande lank elke dag moes saam leef, werk en ontspan kan seker nogal 'n resep vir konflik wees?

"Ons het nooit regtig konflik gehad nie. Almal het darem geweet dat dit baie moeilik sou wees om met die ander saam te leef as jy moeilikheid maak. Die feit dat ons so baie buite in die veld was, het ook baie gehelp dat ons nie heeltyd in mekaar se ruimte was nie," vertel Janine.

Die weerstoestande en klimaat op Marion-eiland kan iemand wat aan matige temperature gewoond is seker nogal maklik depressief maak?

"Dis baie koud, nat en winderig. Dit reën die meeste dae en die wind kan verskriklik waai. Die eiland lê in die beroemde *roaring forties* ('n gebied waar sterk westewinde waai). In die winter sneeu dit gereeld, veral op die binnelandse berge. Haelstorms, met korrels bekend as *ice-pellets* is ook nie 'n vreemde verskynsel nie," sê Stefan.

"Wanneer dit reën, sal 'n mens ook die mense op Marion-eiland van *horisontals* hoor praat – dit is omdat dit meestal horisontaal reën as gevolg van die wind wat so sterk is! Die jaarlikse reënval is ± 2 500 mm, redelik reëlmatig regdeur die jaar versprei," vertel hulle.

Die gemiddelde jaarlikse temperatuur is ongeveer 5 °C, met slegs ongeveer 29% sonskyn per jaar. Die gemiddelde maksimum en minimum temperature is 8,1 °C en 2,8 °C onderskeidelik. Regdeur die jaar kan die kwik egter so laag as -4 °C tot -6 °C daal. Gelukkig word die spanlede baie goed toegerus met beskermende klere soos reënbaadjies en -broeke en rubberstewels.

Stefan en Janine is dit eens dat die weer sonder twyfel die grootste uitdaging was. "Slegte weer kan in 'n oogwink jou gemoedstoestand verander en jou laat wens jy is êrens anders," sê hulle.

Daar was ook vele ander uitdagings, soos die verlange na familie en vriende, veral oor die Kerstyd en met spesiale geleenthede soos verjaardae.

"Daar was nie veel wat 'n mens kon doen om dit makliker te maak nie, dit is maar die tyd wat die moeilikste is. Ons het wel 'n groot Kersete gehad wat baie lekker was en ons het vir mekaar geskenkies gegee. Vir elke spanlid se verjaardag is daar 'n lekker koek gebak, wat vrolik versier is."

Gelukkig kon hulle darem by wyse van e-posse en WhatsApp met geliefdes tuis in kontak bly.

"Ons kon nie per SMS kommunikeer nie omdat daar nie selfoonopvangs is nie. Die weer speel ook 'n rol en as daar digte wolke is, is daar baie min tot geen kommunikasie. Vir noodgevalle is daar 'n satelliettelefoon.

"Ons was meestal tyd besig, dus het die tyd baie vinnig verbygevlieg en ons sal nie sê ons het ooit die tyd omgewens nie," vertel hulle.

Janine beskryf die afskeid soos volg: "Ons het op 3 Mei bymekaargekom om vir 'n helikoptervlug terug skip toe te wag. Nadat 'n mens opstyg, maak die helikopter eers 'n wye draai om die basis voordat dit seewaarts draai na waar die SA Agulhas II wag. Dit was 'n pragtige uitsig, wat ook 'n soort van afskeid van die eiland was. Dit is met dié gedagte dat ek, net voordat die helikopter op die skip geland het, in trane uitgebars het. Ek het nie verwag om so hartseer te wees nie, want ek het van Februarie af uitgesien om by die huis te wees. Maar die eiland kruip diep in 'n mens se hart in."

Op 12 Mei vanjaar het hulle weer voet aan wal gesit en geniet nou die koestering van die warm Afrika-son. Dankbaar om tuis te wees en met 'n skat van aangename herinneringe.

"Ons het moordvisse van baie naby gesien soos hulle teen die kus swem en dit was onvergeetlik. Die interaksie met die diere was onbeskryflik. Die stilte en vrede, sonder verkeer en ander lawaai, is ook iets wat ons reeds baie mis."

Vir mense wat dalk sou belangstel om dieselfde te doen, sê hulle: "As jy die geleentheid kry, gryp dit aan!"

**Lees meer oor Marion-eiland op www.sanap.ac.za/sanap_marion/sanap_marion.html** Vk